



Vak: Graad 6 Wiskunde
Onderwerp: Wiskunde: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen
Totaal: 82 Punte

Naam: _____

Datum: _____


Vraag 1: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kian ontvang R300 nadat hy 'n kompetisie by die skool gewen het. Hy koop 'n sjokolade vir sy ma wat R12 kos en 'n koeldrank vir sy broer en homself wat R10, 50 per koeldrank kos.

Hoeveel geld het hy oor gehad om aan *lego* stukke te spandeer.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 2



Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

'n **Ongelyksydige driehoek** het 2 gelyke sye en 2 gelyke hoeke.

WAAR

ONWAAR

Vraag 3: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte getaltesin vir die volgende:

Twee keer 'n getal verminder met 14 is gelyk aan 30.

- | | |
|----------|----------------|
| A | $2x + 30 = 14$ |
| B | $2x - 30 = 14$ |
| C | $2x + 14 = 30$ |
| D | $2x - 14 = 30$ |



Vraag 4: Waar/Onwaar

2 punte

$$\frac{9}{12} = \frac{3}{6}$$

WAAR

ONWAAR

Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Vliegtuig vertrek vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe teen 08 : 55 en land by OR Tambo Internasionale Lughawe teen 10 : 10.

Die vlug neem (1) ure en (2) minute.

Opsies Is: 2 | 3 | 10 | 15

1

2

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die som van vier getalle is 12 755. Drie van die getalle is 4 589; 2 671 en 3 400.

Wat is die vierde getal?

Jy mag jou sakrekenaar gebruik.

Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

3 punte


6 duisende + 3 honderde + 2 ene =

Hierdie getaltesin verteenwoordig die getal

(Tik slegs die getal)



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8



Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Hierdie horlosie vertoon die tyd **in die oggend** in New York. Kaapstad is 6 uur voor New York-tyd.

Die tyd in Kaapstad is

Gee jou antwoord in 24-uur tyd.

--

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte getallesin en die antwoord vir die volgende:

Bepaal die kwosiënt van 72 en 8 en trek dan 8 af.


Die getallesin is (1) en die antwoord is (2) .

Opsies Is: $x = 72 \div 8 - 8$ | $x = 72 - 8 \div 8$ | 1 | 8

1	
---	--

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 10



Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

Ek het 1 plat vierkantige vlak en 4 driehoekige vlakke.

Watter vorm is ek?

- | | |
|----------|-----------------------------------|
| A | Driehoekige piramide |
| B | Seshoekige piramide |
| C | Piramide met 'n vierkant as basis |
| D | Vyfhoekige piramide |

Vraag 11: Waar/Onwaar

2 punte

Die reël vir die volgende patroon is 'tel 25 by':

125; 250; 375; 500; 625; ...

WAAR

ONWAAR

Vraag 12: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die **waarde** van die 6 in die getal 468 239 is

--

Vraag 13: Veelvuldige Keuse

4 punte

$$2\frac{5}{6} + 1\frac{1}{3} =$$

Gee jou antwoord in die eenvoudigste vorm.

- | | |
|----------|----------------|
| A | $6\frac{1}{6}$ |
| B | $5\frac{2}{6}$ |
| C | $4\frac{1}{6}$ |
| D | $3\frac{7}{6}$ |

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Indien die vermenigvuldiger van 'n vermenigvuldigingsom 8 is en die kwosiënt 72, is die vermenigvuldigtal 9.

WAAR

ONWAAR

Vraag 15: Veelvuldige Keuse

4 punte

Jy benodig die volgende om $\frac{3}{8}$ van 64 te bereken:

- | | |
|----------|------------------------|
| A | $64 \div 3 \div 8$ |
| B | $64 \div 8 \times 3$ |
| C | $64 \times 8 \times 3$ |
| D | $64 \div 3 \times 8$ |



Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die gewig van 11 twaalfjarige kinders word hieronder aangeteken:

40 42 44 41 39 47 45 50 44 42 44

Die modus vir hierdie stel getalle is (1) .

Die mediaan vir hierdie stel getalle is (2) .

Opsies Is: 40 | 42 | 44 | 50

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 17: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die som van drie opeenvolgende getalle is 129.

Die eerste van die drie getalle is

--

Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Tydens 'n rugbywedstryd druk Samuel 4 drieë, Eli druk twee keer soveel drieë as Samuel en George die helfte van die drieë wat Samuel gedruk het. Hoeveel drieë het hierdie rugbyspelers altesaam gedruk?

Die getaltesin om hierdie woordprobleem op te los is

- | | |
|----------|--|
| A | $x = 4 + 2 \times 4 + \frac{1}{2}$ van 4 |
| B | $x = 4 + 2 + \frac{1}{2}$ van 4 |
| C | $x = 4 + 2x + \frac{1}{2}$ van 4 |
| D | $x = 4 + 2 + \frac{1}{2}$ |



Vraag 19: Waar/Onwaar

2 punte

48 326 afgerond tot die naaste duisend is 49 000.

WAAR

ONWAAR

Vraag 20: Waar/Onwaar


2 punte

Die vergelyking tussen die twee getalle hieronder is korrek:

$$725\,614 > 724\,614$$

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 21**Vraag 21: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

 $\angle ABC$ is (1) hoek, terwyl die ooreenkomstige hoek (2) hoek is.

Opsies Is: 'n stomp- | 'n inspringende | 'n skerp- | 'n regte

1

2



Vraag 22: Veelvuldige Keuse

4 punte

Rangskik hierdie breuke van die kleinste tot die grootste:

$$\frac{3}{4}; \frac{2}{6}; \frac{2}{3}; \frac{1}{4}$$

A	$\frac{1}{4}; \frac{2}{3}; \frac{2}{6}; \frac{3}{4}$
B	$\frac{1}{4}; \frac{2}{6}; \frac{2}{3}; \frac{3}{4}$
C	$\frac{3}{4}; \frac{2}{3}; \frac{2}{6}; \frac{1}{4}$
D	$\frac{2}{3}; \frac{1}{4}; \frac{3}{4}; \frac{2}{6}$



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23

Gunsteling Sjokolades van Graad 6FC



Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die gewildste sjokolade in Graad 6FC is die (1) en die ongewildste sjokolade is die (2) .


Daar is altesaam (3) kinders in die klas.

Opsies Is: Tex | Aero | Crunchie | Kit Kat | 26 | 28

1	
3	

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24



Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

Die inset by c is 40.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 25



Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Halfeen in die middag op die 12-uur horlosie is (1) en op die 24-uur horlosie is dit (2) .

Opsies Is: 01:30 | 13:30 | 01:30 nm. | 13:30 nm.

1	
---	--

2	
---	--

Totaal: 82 Punte